

# GELOOF
# *Beloon!*

Ons lees hierdie week Hebreërs 11. Lees die eerste 3 verse van die hoofstuk saam.

*Wat verstaan jy onder die term geloof?*

*Wat beteken geloof vir jou?*

*Watter woorde staan vir jou uit in die teks?*

'1OM TE GLO, IS OM SEKER TE WEES VAN DIE DINGE WAT ONS HOOP, OM OORTUIG TE WEES VAN DIE DINGE WAT ONS NIE SIEN NIE. 2DIT IS IMMERS VANWEË HULLE GELOOF DAT DAAR OOR DIE MENSE VAN DIE OU TYD MET SOVEEL LOF GETUIG IS. 3OMDAT ONS GLO, WEET ONS DAT DIE WÊRELD DEUR DIE WOORD VAN GOD GESKEP IS: DIE SIGBARE DINGE HET DUS NIE ONTSTAAN UIT IETS WAT ONS SIEN NIE. '

HEBREËRS 11:1-3

Daar word dikwels na 3 tipes geloof verwys in die Bybel.

Eerstens, **reddende geloof** (Ef 2:8) – dit is ‘n geskenk van God wat dit vir ons moontlik maak om gered te kan wees

Tweedens, **‘n lewe van geloof** – jy vertrou God in jou daaglikse lewe en verbind jou tot Sy wil

Derdens, **die gawe van geloof** – ‘n geskenk van die Heilige Gees – ‘n gawe wat sommige mense het om die goeie te kan raaksien in slegte situasies (wat ons nie vandag spesifiek na gaan kyk nie)

**Lees Vers 6.** *Wat beteken dit vir jou?*

'6AS 'N MENS NIE GLO NIE, IS DIT ONMOONTLIK OM TE DOEN WAT GOD WIL. WIE TOT GOD NADER, MOET GLO DAT HY BESTAAN EN DAT HY DIÉ WAT HOM SOEK, BELOON.

HEBREËRS 11:6

Regdeur Hebreërs 11 is daar twee aspekte wat baie duidelik uitstaan:

- Geloof het te make met **sig** (*kyk bietjie hoe baie die woorde "sien", "sig" "kyk" voorkom in die gedeelte*). Geestelike sig – 'n geoefende oog. Hoe ouer 'n mens raak, hoe swakker sien jy gewoonlik. Met geloof werk dit net mooi andersom – hoe meer jy op die Here vertrou, hoe duideliker word die eindprentjie – die belofte en beloning! 'n Volwasse gelowige is een wat minder onafhanklik leef en meer op God staatmaak.

- Geloof hou 'n **beloning** in vir die wat dit beoefen. *Lees 1 Johannes 5:3-5 en 2 Timoteus 4:7-8.*

'3Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, 4want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. 5Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is? '

**1 JOHANNES 5:3-5**

'7Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. 8Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms. '

**2 TIMOTEUS 4:7-8**



Daar is ‘n lys van 17 individue (en nog ‘n skare volgens Heb 12:1) wat chronologies gelys word as geloofshelde.

- Hulle is doodgewone mense… wat dieselfde maat geloof as ons ontvang het… maar uitstaan agv hul beoefening van geloof
- Hulle glo almal as gevolg van die beloning wat beloof is.

*Watter persone kyk jy na op, is ‘n geloofsheld in jou oë, en hoekom?*

Lees die res van Hebreërs 11, of kyk vlugtig, na die helde. Ons gaan kyk hoe sommige van hulle uitgestaan het as gevolg van hul geloof.

'4OMDAT ABEL GEGLO HET, HET HY 'N BETER
OFFER AAN GOD GEBRING AS KAIN. VANWEË
ABEL SE GELOOF HET HY VAN GOD BEVESTIGING
ONTVANG DAT HY 'N OPREGTE MAN IS, WANT
GOD HET SY OFFERS AANGENEEM; EN DEUR
DIESELFDE GELOOF SPREEK HY NOU NOG, AL IS
HY REEDS DOOD. 5OMDAT HENOG GEGLO HET, IS
HY WEGGENEEM SONDER DAT HY GESTERF HET,
EN HY WAS NÊRENS TE VIND NIE, OMDAT GOD
HOM WEGGENEEM HET. VAN HOM WORD GETUIG
DAT HY, VOORDAT HY WEGGENEEM IS, GELEEF
HET SOOS GOD DIT WOU.

HEBREËRS 11:4-5

Abel en Kain was broers wat albei ‘n offer aan die Here gebring het. God het egter net Abel se offer aanvaar. *Hoekom dink jy?*

Abel het ‘n lammetjie gebring, wat die vereiste was vir ‘n offer in die ou Verbond. Kain het graan gebring, wat nie die regte offer was nie. Hy het dalk gedink hy gee genoeg, doen genoeg, maar God vereis gehoorsaamheid, en gehoorsaamheid word beloon.

*Was jy al gefrustreerd omdat jy so hard werk, maar nie God se plan in jou lewe raaksien nie? Het jy al gewonder of jy met die regte dinge besig is?*

Geloof is ‘n geskenk – dis nie iets wat jy kan bewerkstellig nie.



# ABEL VS KAIN

## JY KAN NIE WERK VIR GELOOF NIE...

## JY KRY DIT AS JY GEHOORSAAM IS




# GEESTELIKE SIG RAAK BETER MET GEHOORSAAMHEID

Henog was die seun van Metsulem (die oudste persoon in die Ou Testament).  Hy is weggeraap deur God as gevolg van sy verbintenis aan die Here en omdat hy ‘n daaglikse pad met God gestap het.

Ouderdom, lewenservaring, sukses – dit is nie ‘n maatstaf vir die beloning wat God vir ons wil gee nie – ‘n daaglikse vertroue en wandeling is wel.

*Hoe kan jou daaglikse lewe anders lyk as jy dit in geloof aanpak?*

# HENOG

## GELOOF IS 'N VERBINTENIS AAN GOD



# GELOOF Beloon!



# NOAG

## GELOOF STAAN
## OP EN UIT

Noag moes bespotting, uitlag en oordeel van sy gelykes in die gesig staar…. God het hom en sy familie gespaar omdat hulle waarskynlik die enigste persone was wat bereid was om aan God se groot plan vas te hou en nie gelyk met die wêreld te wees nie.  Hulle was die enigstes wat bereid was om ten spyte van teenkanting vas te byt…

*Hoe kan jy opstaan/ uistaan vir jou geloof in jou werkplek?  Hoe kan jy opstaan/ uitstaan vir jou geloof in jou huis of ander omgewings waar jy beweeg?*



# ABRAHAM

## GELOOF HOU ‘N OOG OP DIE BELOFTES

Daar word die meeste oor Abraham geskryf in Hebreërs 4.  Abraham moes wegtrek na ‘n onbekende land en uit sy gemaksone.  God het aan hom en Sara beloof dat hulle ‘n kind sou hê en dat die hele aarde deur hom geseën sou wees.  Terwyl Abraham daardie belofte van God in gedagte gehou het… moes hy Isak gaan offer, in gehoorsaamheid vir God volg.

*Wat dink jy het hom laat vasbyt en deurdruk terwyl hy en Isak oppad was na die berg Moria?*

Abraham het geweet dat God Sy belofte sal hou.  Selfs al sou Isak sterf, sou God hom weer kon opwek.  Selfs al sou die ergste gebeur, sou God dit nie toelaat nie, want dit was nie binne Sy groter plan nie. As God iets uit niks kon maak (Isak se geboorte en die skepping), sal God vir seker vir Abraham uit hierdie moeilike situasie kon red.

*Is daar tans 'n moeilike keuse of besluit wat jy moet maak? Sukkel jy tans om vorentoe te beweeg as gevolg van vrees, twyfel of onsekerheid?*

Hou jou oog gevestig op die beloning! Hou jou oog gevestig op die groter uitkoms! Met een oog in die onsigbare, maar sekere toekoms… kan jy sien wat jy in die onsekere hede moet doen…

Net soos ons as ouers ook bekommerd is oor ons kinders, vra geloof van ons om hulle oor te gee aan die Here - ons is net bestuurders van dit wat God in Sy hand het.

Soos Isak en Jakob, moet ons ook ons kinders seën – intensioneel!



# ISAK/ JAKOB

## GELOOF GEE OOR

GELOOF KYK VORENTOE
GELOOF OORWEEG
GELOOF REAGEER (ANDERS)
GELOOF LEEF SOOS VREEMDELING
GELOOF IS BOLD...





But we're not just talking about *any kind of faith*, we're talking about "faith in the Lord Jesus Christ."



It's nice to know what to do,
*but faith comes in doing what you know.*

JOHN BYTHEWAY



# WAARAAN HOU JY VAS?

Ateiste hou aan niks vas nie – hulle gaan virseker van die berg afval

Part van ons hou vas, ons glo en vertrou, maar nie as gevolg van God se redding en op Jesus Christus nie… ook ons is onveilig op die hoogste berg…

Maar die wat vashou aan die redding van Jesus Christus… kan met sekerheid die hoogste kranse oorkom.



GEBED:

'Daarom, terwyl ons ook so 'n groot wolk getuies rondom ons het, laat ons van elke las ontslae raak, van die sonde wat ons so maklik omring, en die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, Hy wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is, die kruis verduur het, die skande daarvan gering geag het, en sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem het. '

# LEEF Beweeg &

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS